2020-05-18 GR 9 NWB TUISWERK 7 - DIE SINTUIE: DIE OOR EN TONG

Goeie more, die sintuie wat ons vandag behandel is op bl 84 - 86 en 91.

Gaan hierdie bladsye versigtig deur in jou handboek en leer dit.
Onderstreep en highlight vanaf die foto's.
Die skyfiereeks van verlede week kan jou ook help. Lees dit deur.

BL 84 DIE OOR Ken die skets baie goed om byskrifte te kan byskryf in eksamens.
Maak baie seker jy weet waar die stippels van die 3 dele is. Soms moet jy dit op 'n antwoordblad kan intrek.
Ken die woord PINNA wat gebruik word vir oorskulp.
Weet waaruit elke deel van die oor bestaan en wat daar gebeur.
* [Die video op google classroom sal jou daarmee kan help]

LET WEL: Die video praat ook van werk wat eers in Gr 12 behandel word.
Luister dus na dit wat in jou Gr 9 handboek aangedui word.
Die video gee jou 'n geheelbeeld van hoe jy klank waarneem.
Bl 85 Wanneer mens na die video's luister is dit maklik om jou eie Gr 9 werk te onthou!

Soorte gehoorbeentjies: Hamer - *Malleus*
Aambeeld - *Incus*
Stiebeuel - *Stapes*

Klankgolwe gaan deur: Lug - in gehoorkanaal en middeloor
Vloeistof - in inwendige oor

Hoe hoor ons? Ken baie goed vir 5 of 6 punte in toetse.

Bl 91 2.7.8 GESONDHEIDSKWESSIES Gaan die paragraaf oor doofheid deur.

Bl 86 2.7.3 DIE TONG (SMAAK)

Gaan die paragraaf deur en ken die skets van die tong.
Kinders het baie meer smaakknoppies as volwassenes.
Proe aan verskillende soorte kosse om smaak waar te neem.